OPENINGSREDE

Mnr BAREND DU PLESSIS LP, Minister van Finansies

Mnr die voorsitter, dames en here

Baie dankie vir u vriendelike uitnodiging om die openingsrede te kan lewer by hierdie 29ste algemene jaarvergadering van die Misstofvereniging van Suid-Afrika. Dit verskaf my werklik genoeë om vandag te kan deelneem aan hierdie geleentheid en enkele gedagtes by u te laat oor die breë ekonomiese strategie en die stand van die ekonomie asook die posisie waarin spesifiek die landbou hom vandag bevind. Omdat u program so 'n wye veld dek, is daar sekerlik sommige van hierdie aspekte wat later vandag weer aandag sal geniet.

As you will of course be aware, some exciting developments have recently taken place in the sphere of broad economic policies; and, notwithstanding the reputed Chinese curse — 'May you live in exciting times' — I am sure that your Society will have noted with appreciation the fact that the Government's commitment to a downscaling of the public sector is now passing beyond lip service and is taking concrete shape.

A few words on this new approach to macro-economic policy dimensions will perhaps therefore not be altogether out of place In this forum.

What are we trying to achieve, and why? Simply this — the unleashing on a greater scale than hitherto of private sector initiative and energies: since it is here, and not in the public sector, that the source and sustenance of economic growth lies. I am far from implying that no good thing can come from Pretoria: the public sector indeed has an indispensable role to play in economic no less than political life, and a private sector flourishing in splendid detachment from the questions of the public provision of goods and services is of course a pipe dream. Quite apart from that, moreover, in South African economic history the State has not infrequently had to lead the way in various spheres that the private sector was unable or unwilling itself to enter.

There is certainly no need to apologise for the creation or the existence hitherto of our public sector bodies, some of whose names are household words in South Africa and are well-known even to investors abroad: on the contrary, the interest with which their proposed privatisation is now being greeted by the private sector is itself eloquent testimony to their success. Many of the economic and social activities traditionally undertaken by the State in South Africa are likewise to be justified in the light of the country's earlier stages of economic and social development. We are after all is said and done a developing country with infinite needs but severely limited resources. That said, however, at this juncture there is a need for a reconsideration of certain macro-economic aspects of the continuing growth in State activity; and the Government now seeks to bring about a *structural* reduction in the level of state expenditure, thereby freeing resources for private sector use.

To achieve this a three-pronged strategy is to be implemented:

- Privatisation (including deregulation). By means of this, public undertakings and activities can be transferred to private hands; not only will this relieve the Exchequer of financial burdens, but it will also broaden the tax base. By the same token, however, *productivity* in these undertakings or activities could well be raised, leading to lower unit costs and thereby giving scope for lower prices. Those activities that for social or other reasons are not amenable to privatisation will be carefully scrutinised with a view to a fuller implementation of the principle of user-charging.

- *Inflation* will be dealt a further blow by the standstill on both personnel strength and *general* salary adjustments in the public sector, and, despite some disappointments up to now, also (so it is confidently anticipated because of the lead that government has now provided) by wage- and price restraint in the private sector. Not only will this standstill mean smaller increases in administered prices (you will, as people involved in agriculture I am sure, have greeted with great delight the fact that no increases have been announced), but it will also serve to contain the budget deficit before borrowing.

- An ongoing process of tax reform has been initiated with the publication of the White Paper on the Margo Report. In line with the thrust of that report, there will be a shift both to indirect as opposed to direct taxation and to corporate as opposed to personal taxation.

The impact of these measures on the economy may be summarised as follows: they imply, both immediately and more gradually, a lower level of government expenditure *vis-à-vis* GDP. This, allied with a more equitable and more efficient indirect tax, implies a reduction in the direct tax burden and thus greater scope and incentive for private enterprise. The consequential pruning of the budget deficit before borrowing, furthermore, implies less pressure on interest rates.

Apart from the eventual but considerable benefits arising from a structural change in the division of GDP between public- and private sectors and a reduction in tax rates, the privatisation of state undertakings will provide a massive injection of capital funds. Ideally , this will be used to reduce the public debt, with an obvious spinoff for the public by way of a cut in the revenue needed for interest payments. As an alternative to this, however, the funds can be utilised for the provision of basic in-

frastructure in developing areas and for the development of small industries and small business enterprises via the IDC and the SBDC, thus creating many more job opportunities. Politically, the new measures are bound in time to contribute to greater stability and progress through the economic growth they will promote and which will lead to reduced unemployment and rising incomes and standards of life. The objective of creating the maximum possible number of jobs is in my humble opinion our absolute top priority in view of all the advantages this entails in both the direct economic sense and the undoubted indirect socio-political benefits that will follow increased prosperity.

Die noodsaaklikheid om groei en werkskepping te bevorder was onderliggend aan die Regering se stimulerende ekonomiese beleid oor die afgelope paar jaar. Hierdie beleid was geslaagd soos blyk uit die toenames in verbruik, investering en ekonomiese groei, asook in die afname in geregistreerde werkloses. Desnieteenstaande is werkloosheid steeds op 'n kommerwekkend hoë vlak soos blyk uit die feit dat 14,5 persent van die ekonomiese bedrywige Swart bevolking in November 1987 steeds werkloos was. In hierdie omstandighede waar verdere groei en werkskepping dus noodsaaklik is, is dit tragies dat Suid-Afrika, vanweë buitelandse sanksies en die feit dat ons nie meer op buitelandse finansiering kan staatmaak om tekorte op die lopende rekening van die betalingsbalans te finansier nie (nieteenstaande ons ontwikkelende ekonomie), ons nou reeds in hierdie vroeë stadium van die opswaaifase met kommer na die betalingsbalans en moontlike oorverhitting van die ekonomie moet kyk.

Hierdie faktore speel 'n belangrike rol in ons huidige fiskale strategie en het ook tot uiting gekom in vanjaar se Begroting, wat enersyds daarop gerig is om die toename in staatsbesteding so laag moontlik te hou en om dus nie op hierdie wyse 'n oormatige stimulus aan die ekonomie te verleen nie, maar andersyds om die ekonomiese opswaai te beskerm.

'n Té vinnige ekonomiese opswaai in hierdie stadium kan oormatige vraag in die hand werk, die goeie vordering wat reeds gemaak is in die bekamping van inflasie in die wiele ry en terselfdertyd druk op die betalingsbalans plaas. Die Regering se standpunt is gevolglik dat in die huidige stadium van die opswaaifase van die ekonomie, die verbruikersvraag nie te vinnig moet styg nie en dat die toename in staatsbesteding vanjaar binne redelike perke gehou moet word.

Om hierdie doelwit te bereik, is die toename in besteding van bykans alle staatsdepartemente ingekort, en is daar, soos reeds genoem, 'n stilstand ten opsigte van die groei in staatsdienspersoneel in werking gestel, terwyl geen algemene salarisaanpassing vir staatsamptenare gemaak is nie.

Met hierdie stap is daar beoog om nie net die toename in staatsbesteding onder die verwagte inflasiekoers te hou nie, maar ook terselfdertyd om die positiewe afwaartse neiging wat hom in die jongste tyd in die inflasiekoers openbaar het, te onderskraag. Die Regering trag om met sy fiskale beleid 'n sterk bydrae te maak om inflasieverwagtings te breek.

Voorts is die fiskale beleid vir vanjaar steeds daarop gemik om die tekort voor lenings so klein as moontlik te hou. Daar word beoog om deur die vroeë toepassing van sekere Margo-aanbevelings en deur sekere ander optredes, die inkomstebasis te beskerm en uit te bou. Noodwendig sal die belangrikste belastingstruktuuraanpassings eers volgende jaar aangebring kan word. Deur die belastingbasis so breed moontlik te benut en inkomstegroei hierdeur te versterk en die toename in die regeringsuitgawes afwaarts te dwing, word daarin geslaag om die relatiewe tekort voor lenings ten minste nie te laat toeneem nie. Deur hierdie tekort verder op 'n nie-inflasionistiese wyse te finansier, dra fiskale beleid by om gesonde ekonomiese groei te bestendig, sonder om druk op die betalingsbalans te plaas of om die diensing van buitelandse lenings in gevaar te stel.

Daar bestaan uiteraard 'n wedersydse beïnvloeding tussen die breër makro-ekonomiese toestande en strategie en die ontwikkelinge in die individuele sektore in die ekonomie. Dit is dus gepas dat ek nou ook daardie sake aanraak wat u eie belangstellingsterrein meer direk raak.

Die misstofvervaardiger en die landbouprodusent se wel en wee is deesdae tot so 'n mate in mekaar verstrengel dat die ou vraag van wie van die hen of die eier dan nou eintlik eerste was amper ook nou op die landboubedryf en die misstofbedryf van toepassing gemaak kan word. Baie eeue gelede was die antwoord in die blote bestaansekonomie egter baie duidelik. Vandag egter beteken die een se welsyn die ander se voorspoed en omgekeerd. Die Misstofvereniging se betrokkenheid by feitlik alle afdelings van die landbou bring daarom mee dat u sekerlik met groot belangstelling kennis neem van elke tendens en gebeurtenis in die hele landbousektor en in besonder diep besin oor wat die toekomstige ekonomiese verloop vir die landbou inhou.

Net soos die gesondheid van die landbou vir u bedryf uiters belangrik is, net so is dié feit vir die Staat self in 'n verskeidenheid van opsigte belangrik. Dink maar net aan die landbou se kritiese rol met betrekking tot werkverskaffing; die betalingsbalans wat op die oomblik 'n al hoe groter invloed op ekonomiese beleidsvoering begin uitoefen; die vlak van pryse in die algemeen waar hoër landboupryse tans die grootste invloed het om die verbruikersprysindeks se afwaartse daling te rem; die breë monetêre beleidsimplikasies van goeie of slegte oeste op rentekoese en likiditeit; en les bes die uitwerking van landbouhulp op die Skatkis, dit wil sê op staatsbesteding en dus ook belastings. Daarom meen ek dat dit vir my nie onvanpas sal wees om vandag sekere sake op rekord te plaas wat reeds in die agtergrondsdokument tot die Begrotingsrede (die sogenaamde uitgebreide weergawe van die Begrotingsrede) ingesluit was nie. Hierdie dokument het terloops baie sake veel meer volledig behandel as wat 'n mens binne die noodwendige beperkings van 'n Parlementêre toespraak kan doen en het moontlik in sy eerste jaar nie eintlik die aan-

dag gekry wat dit dalk van veral die media verdien het nie, hoewel etlike Parlementslede reeds waardering daarvoor uitgespreek het.

Daar bestaan min twyfel oor die landbou se sleutelrol in die Suid-Afrikaanse ekonomie. Hoewel landbou se bydrae tot die BBP in onlangse jare slegs ongeveer 6 persent beloop het, speel dié sektor, vanweë sy voorwaartse en terugwaartse skakeling met ander sektore in die ekonomie, asook sy belangrike posisie as werkverskaffer en verdiener van buitelandse valuta, steeds 'n veel groter rol as wat noodwendig in statistieke oor die ekonomie weerspieël word. Byvoorbeeld:

- Die landbousektor is 'n groot verbruiker van intermediêre insette in die produksieproses. Gedurende 1985 het die bedrag R4,14 miljard beloop.

- Daarbenewens verskaf die landbousektor werkgeleenthede vir nagenoeg 1,25 miljoen persone. In totaal is omtrent 5,5 miljoen mense regstreeks of onregstreeks van die landbou as werkverskaffer afhanklik.
- Die landboubedryf is verder vir tussen 10 en 15 persent van Suid-Afrika se nie-goud uitvoer verantwoordelik en is naas goud die tweede grootste netto verdiener van buitelandse valuta.

Hierdie sleutelsektor van die ekonomie is gedurende die afgelope aantal jare deur 'n hele reeks faktore negatief geraak. Een van die belangrikste ongunstige gebeurtenisse was ongetwyfeld die uiterste van droogtes en vloedrampe waaraan Suid-Afrika blootgestel was.

Ongunstige weersomstandighede het die Groot-Karoo, die Verre Noord- en Wes-Transvaal en ander gebiede sedert 1982 geteister, terwyl vloedrampe Natal in 1983, in Oktober 1987 en weer in Februarie en Maart 1988 getref het. Die Oranje-Vrystaat en Noord-Kaapland het ook groot vloede gedurende Februarie 1988 en feitlik onmiddellik daarna gedurende Maart ervaar.

Die **droogtes** het die landbousektor in die besonder benadeel deur opeenvolgende misoeste van somergraangewasse in 1983, 1984 en 1985. Verskeie landbouprodukte moes by geleentheid ingevoer word om aan die binnelandse vraag te voldoen wat daartoe bygedra het om die lopende rekening van die betalingsbalans negatief te beïnvloed omdat uitvoerverdienstes gedaal het en invoerkoste gestyg het.

Voorts is die drakrag van die veld vir veeboere dermate verlaag dat vee uitgedun moes word en in baie gevalle is uiteindelik slegs stoetvee vir teeldoeleindes oorgehou. Die gevolg was dat boere in sekere streke min of geen inkomste verdien het en stelselmatig skuld opgebou het. Hierdie feit weer het 'n invloed op monetêre beleidsvoering uitgeoefen.

Die kleiner inkomste van boere het natuurlik beteken dat boere minder in boerdery-implemente geïnvesteer het, minder aanplantings gedoen het en minder misstowwe aangekoop het soos u almal maar te terdeë bewus van is. Hierdie laer vraag het op sy beurt tot die oorproduksie van sekere boerdery-implemente en chemiese stowwe gelei, wat weer knelpunte in daardie nywerhede veroorsaak het en 'n verdere kettingreaksie in ander terreine aan die gang gesit het. Selfs die metropolitaanse gebiede en veral die PWV-gebied het sedert 1983 nie die direkte gevolge van die droogte ontsnap nie en met waterbeperkings en stygende waterkostes te make gehad. Dit alles onderstreep duidelik die baie wyd uitkringende uitwerking wat voortgesette ongunstige landboutoestande op die hele Suid-Afrikaanse volkshuishouding gehad het.

Om die gevolge van die droogtes te versag, moes daar noodwendig sedert 1986/87 reeds byna R2 miljard se droogtehulpskemas van owerheidsweë aangepak word. Hierdie kostes word uiteraard deur die breë belastingbetalende publiek gedra.

Asof dit alles nie genoeg was nie het die uitwerking van die onlangse **vloede** weer eens die boer en ook die verbruiker regstreeks nadelig geraak en verder ook die infrastruktuur van dorpe langs riviere erg beskadig. Boere het verliese aan vee en besproeiingsgrond gely. Verder is plaasimplemente, plantasies en skure langs riviere asook huise, brûe, paaie, spoorlyne, telefoonverbindings en damme beskadig. Die voorsiening van drinkwater is op talle plekke geraak en benewens die spesiale reëlings wat in dié verband getref moes word, was dit ook nodig om ander voorkomende gesondheidsmaatreëls in te stel.

Benewens hierdie probleme verkeer sekere sektore, sowel as sekere geografiese gebiede, van die boerderybedryf tans in 'n haglike finansiële posisie. Illustrasie hiervan vind ons daarin dat terwyl die bedryf se skuld in 1977 met ongeveer 1-½ jaar se boerderyinkomste afbetaal kon word, die posisie ondertussen sodanig verswak het dat die totale boerderyskuld in 1986 reeds meer as 5 keer soveel as die jaarlikse boerderyinkomste bedra het.

Verder het die verhouding tussen skulde en bates van 15,4 persent in 1982 tot 27,8 persent in 1987 verswak. Terselfdertyd staan die korttermynkomponent van die skuldlas sedert 1982 op meer as 50 persent van die totale skuld — 'n situasie wat allerweë as ongesond beskou word. Rentebetalings ten opsigte van skulde bly ook steeds die grootste enkele koste-item vir landbouers.

Die toename in boerderyskuld van net minder as R2 miljard aan die einde van 1975 tot meer as R14 miljard aan die einde van 1987 kan egter nie net aan die droogtetoestande gewyt word nie. Benewens die hoër rentekoersvlakke van die afgelope paar jaar wat 'n wesenlike bydrae tot die groter skuldlasposisies van boere gemaak het, is daar sekere strukturele probleme in die landboubedryf teenwoordig wat die finansiële posisie verder ondermyn het, soos onder andere —

(i) die verswakking in die ruilvoet (gedefinieer as die verhouding van produsentepryse tot die pryse van

boerderyinsette) wat na raming tot aan die einde van 1986 'n verlies van sowat R2,5 miljard aan boerderyinkomste meegebring het; en

(ii) die boer se inkomste uit voedselverkope wat van 57c van elke rand in 1975 tot 48c in 1985 gedaal het.

Teen die agtergrond van hierdie kommerwekkende ekonomiese posisie waarin die landboubedryf homself tans bevind, is daar gelukkig egter ook nou 'n reeks positiewe verwikkelings wat in 1987 op die voorgrond getree het.

Netto boerdery-inkomste het in 1987 met 22 persent (teen heersende pryse) toegeneem, wat die vierde agtereenvolgende jaar was waartydens stygings geregistreer is. In die algemeen dui dit op 'n geleidelike herstel van die landbou sedert die laagtepunt in 1983. Tesame met hierdie verbeterde inkomste word 'n toename in investering in vaste verbeterings bespeur wat in 1987 met 9 persent toegeneem het. Terwyl die verandering in die vee-inventaris in 1987 aansienlik verbeter het, het die aankope van masjinerie, werktuie en voertuie deur die landbousektor nog nie tot die vlakke van die jare sewentig herstel nie.

Die pryse van boerderybenodigdhede het gedurende 1987 net met 11,4 persent toegeneem, wat 'n aansienlike daling teenoor die 18,9 persent van 1986 verteenwoordig. Die hoofoorsaak van hierdie daling kan toegeskryf word aan die feit dat stygings in die pryse van intermediêre goedere, asook in dié van masjinerie en werktuie gedurende 1987 heelwat stadiger toegeneem het as in die vorige jaar. Pryse van intermediêre goedere het in 1987 met slegs 7,5 persent toegeneem, terwyl dié van materiaal vir vaste verbeterings met 16,4 persent en dié van masjinerie en werktuie met 18,9 persent gestyg het.

Die produsentepryse van landbouprodukte het daarenteen gedurende 1987 met 13,4 persent toegeneem, teenoor die 9,9 persent van 1986. Die gemiddelde jaarlikse toename in produsentepryse oor die afgelope tien jaar was 12,5 persent, vergeleke met die gemiddelde styging in die pryse van boerderybenodigdhede van 14,9 persent.

Al die voorgaande feite, gekoppel aan 'n bykans wêreldwye herbesinning oor die prysbepalings- en bystandmeganismes ten opsigte van die landbousektor, noop myns insiens enige ingeligte waarnemer tot die gevolgtrekking dat 'n veel meer markgerigte benadering tot die probleme van die landbou ernstige aandag sal moet geniet.

Vir u bedryf sal dit ook direkte gevolge inhou indien die landbousektor soos ek vermoed voor groot struktuurveranderings te staan kom. Meer besonderhede hieroor sal dalk deur sommige van die ander referente bespreek word, maar u sal u vorentoe moontlik moet instel op 'n situasie waar die landbou nie meer gerig is op die bewerking van die maksimum moontlike hoeveelheid grond nie, maar eerder streef na optimum produksie waardeur die hoogste moontlike opbrengs teen die laags-moontlike koste verkry kan word. Noodwendig sal dit 'n herbesinning verg oor watter grond en watter hulpmiddels gebruik kan word.

In hierdie verband sal u as 'n Vereniging 'n baie belangrike rol moet speel, beide in die voorsiening van die geskikste moontlike misstof teen die laagste moontlike koste en in die voorligting wat u aan die landbouprodusente moet gee sodat hulle u produk op die mees doeltreffende manier kan aanwend.

Mr Chairman, I trust that these few ideas will provide you with food for thought and discussion. May I in closing wish you a most successful and fruitful debate and thank you once again for the opportunity to formally open this your 29th annual general meeting.